

GREATSTOCK

**W**ANNEER JY die reën buite hoor val, wil jy jou skoene uitskop en begin dans? Of trek jou maag eintlik op 'n knop van spanning, terwyl jy jou ore spits vir daardie gedrup wat jou ergste vrees bevestig: Ja, die dak lek al weer. En jy weet maar te goed klam mure gaan nou jou voorland wees . . .

Jou huis behoort tog 'n veilige hawe vir jou gesin te wees, met 'n dak wat die ergste stormweer kan trotseer.

Daarom het jy 'n verbruikerskampvegter aan jou kant nodig soos Cashbuild, die grootste boumateriaal-handelaar in Suid-Afrika. By hulle sal jy beslis die beste raad oor dakke kry – en ook die beste pryse. Die keuse van die regte soort dakbedekking kan 'n regte turksvly wees met soveel verskillende produkte waaruit jy kan kies. Nog 'n belangrike oorweging is of jy teëls, sinkplaat of IBR- ("inverted box rib") plate gaan gebruik.

As jy op soek is na uitstekende insulasie, is dakteëls die antwoord. Cashbuild se Double Roman-sementdakteëls hou die hitte in die somer uit, maar in die winter binne. Dit is nie net pragtige teëls nie, maar hulle is ook vuur- en geraasbestand, duursaam en het geen onderhoud nodig nie. En jy kan jou verbeelding vrye teuels gee met 'n keuse tussen rooi, bruin, koolstof- en terracottakleurige teëls.

'n Ander opsie is die duursame Harvey-reeks wat van hoëgehalte-, liggewig- dakstaalmateriaal gemaak is.

Dit lyk nie net goed nie, maar spog met 'n indrukwekkende waarborg: Die staal in die reeks is vir dertig jaar gewaarborg en die bolaag (Stonecoat of akriliese silikoonkweekstuur) vir vyftien jaar.

Verkies jy sink- of IBR-plate? Kry dan

# DANS in die reën

Met 'n **behoorlike dak** oor jou kop sal jy **veilig en droog** bly, al reën dit **hóe hard**



### NUTTIGE WENKE

- Sorg dat jy produkte kies wat deur die SABS goedgekeur is of reg is vir die doel waarvoor jy dit wil gebruik.
- Blootstelling aan die son, skade deur hael, wind en hewige reënbuie en die ontwerp van jou dak kan die dak se leeftyd verkort.
- Hoe skuinser jou dak is, hoe kleiner is die kans op lekplekke.

### Maak lekplekke reg

■ Sink- of IBR-plate – Maak eers seker dat geen skroewe op die dak los is nie. Kyk ook na die dele op die dak waar die plate gebuig is.

**Stap 1:** Wag vir 'n sonnige of droë dag as jy lekplekke wil regmaak. Cashbuild Waterproofing en Cashbuild Membrane seël lekplekke vinnig en doeltreffend.

**Stap 2:** Wend die waterdigting soos verf op alle heg- en lekplekke aan.

**Stap 3:** Verseël dit behoorlik met die membraan en nog 'n laag waterdigting. Dit is hoe jy alle lekplekke op skuins of plat dakke kan herstel en ook openinge of krale tussen twee mure of tussen 'n muur en 'n

plafon kan verseël. Sodra die waterdigting en membraan droog en hard geword het, sal dit die einde van jou probleme met 'n lekkende dak wees.

**Stap 4:** Verf jou dak nadat jy seker gemaak het alle lekplekke op die dak is reggemaak.

■ Dakteëls – gebruik sement om die riffsels op die sementteëls te herstel.

**Veiligheid is belangrik, veral wanneer jy op die dak werk. Alle werkers moet, waar nodig, met veiligheidskabels en harnasse toegerus word.**

**Cashbuild**  
 GEMALTE BOUMATERIAAL TEEN DIE LAAGSTE PRYSE  
 172 Winkels en stede aan die groot oeweroord Suid-Afrika


dikker plate vir beter weerstand teen die elemente.

Al verdrag galvanisering roes op die onderliggende staal, veroorsaak die suurinhoud van reën weens koolstofdoksied tog dat dit roes. Selfs onbesoedelde reën is normaalweg effens suurderig met 'n pH-vlak van 5,6. Daarom kan roes nooit heeltemal verhoed word nie.

Wat sê jou verbruikerskampvegter hieroor? Dit is belangrik dat jy metaal 'n deklaag moet gee, veral as jy by die kus woon. Berei die oppervlak goed voor deur dit deeglik skoon te maak voor jy dit verf. Die voorbereiding behels ook dat jy moet sorg dat die plate vry van enige oliërigheid is, anders sal die verf afdop en roes vinniger sy verskyning maak – met vernietigende gevolge.

Modek Econospan bied die beste oplossing vir jou motorafdak. Deursigtige plate en plate is te kry in verskillende kleure.

■ **Bel die Cashbuild-hulplyn by 0860-100-582.**



**LINKS:** Hoëgehalte Harvey-dakteëls.



Sinkplaat bly 'n staatmaker.



IBR- ("inverted box rib") plate.



Modek Econospan-plate.



Staal-dakteëls.



Double Roman-sementdakkeëls.